



# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

### REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 2834

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST

REGULATION GAZETTE No. 2834

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

BUITELANDS 30c ABROAD

Registered at the Post Office as a Newspaper

POSVRY · POST FREE

Vol. 169]

PRETORIA, 20 JULIE 1979  
JULY

[No. 6598

#### GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

##### DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG- BENUTTING

No. R. 1600

20 Julie 1979

##### WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BOU- EN MONUMENTKLIPMESSSELNYWERHEID  
(TRANSVAAL).—HERBEKRAGTIGING VAN  
HOOFOOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Manne-  
kragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Bou- en Monumentklipmesselnywerheid (Transvaal) betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 26 April 1981 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of verenigings is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (a), 2, 3, 15 en 16 (2), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 26 April 1981 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van genoemde Ooreenkoms; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van klousules 3 (2), 5, 7 en 8 van genoemde Ooreenkoms met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 26 April 1981 eindig, in die gebiede gespesifiseer in klousule 1 (1) (b) van genoemde Ooreenkoms *mutatis mutandis* bindend is vir alle Swartes in diens in genoemde

13132—A

#### GOVERNMENT NOTICES

##### DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 1600

20 July 1979

##### INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BUILDING AND MONUMENTAL MASONRY  
INDUSTRIES (TRANSVAAL).—RE-ENACTMENT  
OF MAIN AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower  
Utilisation hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Building and Monumental Masonry Industries (Transvaal), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 26 April 1981, upon the employers' organisations and the trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or unions;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (a), 2, 3, 15 and 16 (2), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 26 April 1981, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the said Agreement; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in clause 1 (1) (b) of the said Agreement and with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 26 April 1981, the provisions of clauses 3 (2), 5, 7 and 8 of the said Agreement shall *mutatis mutandis* be binding upon

6598—1

Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigene van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Swartes in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

#### BYLAE

#### NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID (TRANSVAAL)

#### OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Master Builders' and Allied Trades Association (Witwatersrand);

Pretoria Master Builders' and Allied Trades Association;

Master Masons' and Quarry Owners' Association (South Africa) wat sy lede in die Monumentklipmesselnywerheid verteenwoordig;

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem), aan die een kant, en die

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa;

Blanke Bouwerkersvakbond;

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid (Transvaal).

#### 1. GEBIED EN TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Bou- en Monumentklipmesselnywerheid nagekom word—

(a) deur alle werkgewers wat lede is van die werkgewersorganisasies en alle werknemers wat lede is van die vakverenigings;

(b) (i) in die landdrostdistrikte Alberton, Balfour, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Nigel, Randburg, Randfontein (uitgesonderd daardie gedeelte wat buite 'n straal van 48,28 km vanaf die Hoofposkantoor Krugersdorp val, Roodepoort, Springs en Wonderboom (uitgesonderd daardie gedeelte wat buite 'n straal van 32,18 km vanaf die Hoofposkantoor Pretoria val), die gebied binne 'n radius van 48,28 km vanaf Hoofposkantoor, Krugersdorp; die gebied binne 'n radius van 32,18 km vanaf Hoofposkantoor, Vereeniging; die gebied binne 'n radius van 32,18 km vanaf Hoofposkantoor, Pretoria (uitgesonderd daardie gedeelte van die Swart Gebied Uitvalgrond JQ 4341 wat binne genoemde radius val); die gebiede binne 'n radius van 16,09 km vanaf Hoofposkantoor op onderskeidelik Klerksdorp, Potchefstroom, Witbank en Middelburg (Transvaal); en in die landdrostdistrik Kempton Park (uitgesonderd daardie gedeelte wat buite 'n radius van 32,18 km vanaf Hoofposkantoor, Pretoria, val en wat voor die publikasie van Gowermentskennisgewing 551 van 29 Maart 1956, binne die landdrostdistrik Pretoria, geval het).

(ii) in die landdrostdistrik Bethal (met inbegrip van daardie gedeelte van die landdrostdistrik Hoëveldrif wat voor 1 Maart 1979 binne die landdrostdistrik Bethal geval het) ten opsigte waarvan die uitdrukking "Bounywerheid"—

(aa) nie die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid soos omskryf in paragraaf G van die Registrasiesertifikaat van die Nasionale Nywerheidsraad vir die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid van Suid-Afrika sal omvat nie; en

(bb) onderworpe sal wees aan die bepalings van Hoofstuk V van die Vasstelling deur die Nywerheidshof gedateer 1 September 1978 in die saak tussen die Nywerheidsrade vir die Meubelnywerheid Transvaal en Natal, en die Nywerheidsrade vir die Bounywerheid Transvaal, Durban en Pietermaritzburg en Noordelike Gebiede.

(2) Ondanks subklousule (1) (a), is hierdie Ooreenkoms—

(a) slegs van toepassing op dié klasse werknemers vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word en op leerlingambagsmanne;

all Blacks employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Blacks in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

#### SCHEDULE

#### INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY (TRANSVAAL)

#### AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Master Builders' and Allied Trades Association (Witwatersrand);

Pretoria Master Builders' and Allied Trades Association

Master Masons' and Quarry Owners' Association (South Africa) representing its members in the Monumental Masonry Industry;

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisations"), of the one part, and the

Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa;

White Building Workers' Union

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Building Industry (Transvaal).

#### 1. AREA AND SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Building and Monumental Masonry Industries—

(a) by all employers who are members of the employers' organisations and all employees who are members of the trade unions;

(b) (i) in the Magisterial Districts of Alberton, Balfour, Benoni, Boksburg, Brakpan, Delmas, Germiston, Heidelberg (Transvaal), Johannesburg, Nigel, Randburg, Randfontein (excluding that portion which falls outside a radius of 48,28 km of the General Post Office, Krugersdorp), Roodepoort, Springs and Wonderboom (excluding that portion which falls outside a radius of 32,18 km of the General Post Office, Pretoria) the area within a radius of 48,28 km from the General Post Office, Krugersdorp; the area within a radius of 32,18 km from the General Post Office, Vereeniging; the area within a radius of 32,18 km from the General Post Office, Pretoria (excluding that portion of the Black area Uitvalgrond JQ 4341 which falls within the said radius); the areas within a radius of 16,09 km from the General Post Offices, Klerksdorp, Potchefstroom, Witbank and Middelburg (Transvaal) respectively; and in the Magisterial District of Kempton Park (excluding that portion which falls outside a radius of 32,18 km from the General Post Office, Pretoria, and which, prior to the publication of Government Notice 551 of 29 March 1956, fell within the Magisterial District of Pretoria).

(ii) in the Magisterial District of Bethal (including that portion of the Magisterial District of Hoëveldrif which prior to 1 March 1979 fell within the Magisterial District of Bethal) in respect of which the expression "Building Industry" shall—

(aa) not include the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industries as defined in paragraph G of the Certificate of Registration of the National Industrial Council for the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry of South Africa; and

(bb) be subject to the provisions of Chapter V of the Determination by the Industrial Tribunal dated 1 September 1978 in the matter between the Industrial Councils for the Furniture Manufacturing Industry Transvaal and Natal, and the Industrial Councils for the Building Industry Transvaal, Durban and Pietermaritzburg and Northern Areas.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1) (a), the terms of this Agreement shall—

(a) only apply to those classes of employees for whom wages are prescribed in this Agreement and to learner artisans;



(b) van toepassing op vakleerlinge slegs vir sover dit nie met die Wet op Vakleerlinge, 1944, of met 'n kontrak wat daarkragtens aangegaan is of met voorwaardes wat daarkragtens gestel is, onbestaanbaar is nie;

(c) van toepassing op kwekelinge slegs vir sover dit nie met die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, of met voorwaardes wat daarkragtens gestel is, onbestaanbaar is nie;

(d) van toepassing op "slegs arbeid"-kontraakteurs, werkende vennote en werkende direkteurs;

(e) nie van toepassing nie op universiteitstudele en gegradueerdes in die bouwetenskap en konstruksietoetsighouers, konstruksieopmeters en ander persone wat besig is met praktiese werk ter voltooiing van hul akademiese opleiding.

## 2. GELDIGHEDSTERMYN VAN OOREENKOMS

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op dié datum wat die Minister van Mannekragbenutting kragtens artikel 48 van die Wet mag vasstel en bly van krag vir 'n tydperk eindigende 26 April 1981 of vir dié tydperk wat hy mag bepaal.

## 3. SPESIALE BEPALINGS

(1) Die bepalings van klousules 5, 17 (6), 20, 22 (5) en (6) [soos gewysig by klousules 15 en 16 (2) hieronder], 23 (3) en 30 van die ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1956 van 17 Oktober 1975, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 695 van 23 April 1976, R. 1958 van 22 Oktober 1976, R. 2135 van 21 Oktober 1977 en R. 2106 van 20 Oktober 1978 (hierna die "Vorige Ooreenkoms" genoem) sal van toepassing wees op werkgewers en werknemers.

(2) Die bepalings van klousule 8 alleenlik van die Vorige Ooreenkoms (soos gewysig by klousule 7 van hierdie Ooreenkoms) sal van toepassing wees op werkgewers en werknemers.

## 4. ALGEMENE BEPALINGS

Die bepalings van klousules 4 (soos gewysig by klousule 6 hieronder), 6, 7, 8 (soos gewysig by klousule 7 hieronder) 10, 12 tot 16 (soos gewysig by klousules 10 tot 14 hieronder), 17 (1) tot (5), 18, 19, 21 tot 22 (4) [soos gewysig by klousule 16 (1) hieronder], 23 (1) en (2), 24 tot 29, 31 en 32 van die Vorige Ooreenkoms sal van toepassing wees op werkgewers en werknemers.

## 5. WOORDOMSKRYWING

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, omskryf word, het dieselfde betekenis as in daardie Wet, en waar daar van 'n wet melding gemaak word, word ook alle wysigings van sodanige wet bedoel; voorts, tensy onbestaanbaar met die sinsverband, beteken—

"Wet" die Wet op Nywerheidsversoening, 1956;  
"vakleerling" 'n werknemer wat diens doen ingevolge 'n skriftelike leerkontrak wat ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944, geregistreer is of geag word geregistreer te wees, en ook 'n minderjarige wat ingevolge daardie Wet op proef in diens geneem is;

"ambagsman" 'n werknemer wat een of meer van die volgende werksaamhede verrig in een of meer van die ambagte hieronder aangedui:

*Asfaltering, waterdigting en/of vogdigting.*—Periodieke toetsing oor werksmanne wat die asfaltering, waterdigting en/of vogdigting van dakke, mure, plafonne en/of vloere doen.

*Bloklêwerk.*—Die plasing van blokke; hoeke in die lood bring; rifvoegwerk; die oprigting van setmate en die plasing daarvan in posisie vir bouwerk en alle latere stelwerk daaraan, en die plasing van vensters en deurkosyne in posisie, maar uitgesonderd—

(a) die lê van blokke volgens 'n setmaat;

(b) die lê van blokke wat nie in dagha of mastik gelê word nie;

(c) die lê van blokke in die konstruksie van betonvloere en betondakke.

*Messelwerk.*—Uitlê; hoogtes bepaal; bakstene en/of ander materiale afwerk; hoeke, staanders en plankprofile, met inbegrip van staalstaanders vir muurwerk, in die lood bring; rifvoegwerk.

*Timmerwerk, skrynerwerk, kantoor-, winkel- en bankuitrustingswerk.*—Afmewerk, uitlêwerk; montering en vassit van vaste toebehoere; saagwerk, skaafwerk en die vassit van afgegewerkte houtwerk; montering van komposisiemateriaal en onbewerkte timmerhout en die vassit daarvan; montering van kombistoebehore; die vassit van gegolfde sink- en asbesplate aan agterwerk en hegstrukture van hout; leiteëls, harveyteëls, asbesteëls en houtdakspane vassit.

(b) apply to apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, or any contract entered into or any conditions fixed thereunder;

(c) apply to trainees only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Training of Artisans Act, 1951, or any conditions fixed thereunder;

(d) apply to "labour-only" contractors, working partners and working directors;

(e) not apply to university students and graduates in buildings science and construction supervisors, construction surveyors and other such persons doing practical work in the completion of their academic training.

## 2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT

This Agreement shall come into operation on such date as may be fixed by the Minister of Manpower Utilisation in terms of section 48 of the Act and shall remain in force for a period ending 26 April 1981 or for such period as may be determined by him.

## 3. SPECIAL PROVISIONS

(1) The provisions of clauses 5, 17 (6), 20, 22 (5) and (6) [as amended by clauses 15 and 16 (2) hereunder], 23 (3) and 30 of the agreement published under Government Notice R. 1956 of 17 October 1975, as amended by Government Notices R. 695 of 23 April 1976, R. 1958 of 22 October 1976, R. 2135 of 21 October 1977 and R. 2106 of 20 October 1978 (hereinafter referred to as the "Former Agreement") shall apply to employers and employees.

(2) The provisions of clause 8 only of the Former Agreement (as amended by clause 7 of this Agreement) shall apply to employers and employees.

## 4. GENERAL PROVISIONS

The provisions of clauses 4 (as amended by clause 6 hereunder), 6, 7, 8 (as amended by clause 7 hereunder) 10, 12 to 16 (as amended by clauses 10 to 14 hereunder), 17 (1) to (5), 18, 19, 21 to 22 (4) [as amended by clause 16 (1) hereunder], 23 (1) and (2), 24 to 29, 31 and 32 of the Former Agreement shall apply to employers and employees.

## 5. DEFINITIONS

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1956, shall have the same meanings as in the Act, and any reference to an act shall include any amendment of such act; further, unless inconsistent with that context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1956;

"apprentice" means an employee serving under a written contract of apprenticeship, registered or deemed to have been registered under the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, and includes a minor employed on probation under that Act;

"artisan" means an employee performing any one or more of the following operations in any one or more of the trades indicated below:

*Asphalting, waterproofing and/or dampproofing.*—Periodic supervision of operatives engaged on asphaltting, waterproofing and/or dampproofing to roofs, walls, ceilings and/or floors.

*Blocklaying.*—Setting blocks; plumbing angles; tuck pointing; the erecting, setting into position for building and all subsequent adjustment of jigs, and the setting into position of windows and door jambs, but excluding—

(a) the laying of blocks to a jig;

(b) the laying of blocks not bedded in mortar or mastic;

(c) the laying of blocks in the construction of concrete floors and concrete roofs.

*Bricklaying.*—Setting out; determining levels; setting bricks and/or other materials; plumbing angles, uprights and profiles, including stanchions for walling; tuck pointing.

*Carpentry, joinery, office, shop and bank fitting.*—Marking out; setting out; assembly and fixing of fittings; cutting, planing and fixing finished woodwork; assembling and fixing composition materials and rough timbers; assembling of kitchen fittings; and fixing of corrugated iron and asbestos sheets to wooden backing or grounds, fixing of slate tiles, harvey tiles, or similar materials, asbestos slates and wooden shingles.

**Rioloaanslegwerk.**—Afmerk, uitlê, toesig hou oor en die lê van pype volgens 'n helling.

**Vloerlêwerk.**—Uitmerkwerk; die saag en vassit van houtstrookvloere; die lê van vloerblokke, vloerteëls, dunvloerbedekking en dergelike materiaal na voltooiing van die voorbereidende werksaamhede.

**Ruit-in-lood-werk.**—Die afmerk van patrone of tekeninge op bord; die sny van glas; die bekleding van glas met lood; soldeerwerk en die invoeging van binddraad.

**Metaalwerk.**—Merk- en afmerkwerk; die opstelling van en toesighouding oor masjiene; handswais- en/of sweissoldeerwerk; handboorwerk en/of die maak van tapgate met die hand; finale vyl- en/of monterwerk; die vassit van siermetaalwerk, metaalrame en metaaltrappe, boumetaalwerk en uitgedrukte metaal.

**Verf- en versierwerk/beglasing.**—Kleurwerk; stippelwerk; muurplakwerk; letterskilderwerk; die aanbring van verf, vernis en/of ander materiaal, met inbegrip van Kenitex, op alle oppervlakke; die sny van glas of soortgelyke materiaal; die aanbring van voorstopverf; die vassit van ruitkraallyste, maar uitgesonderd—

(a) die aanbring van witkalk en sementstryksel aan alle oppervlakke;

(b) die aanbring van dekoratiewe bitumastiek aan rioolpype;

(c) die aanbring van die eerste verflaag aan staaloppervlakke wat in die winkel 'n grondlaag ontvang het;

(d) die aanbring van 'n vloeibare herverglanser aan baksteenwerk of slasto;

(e) die aanbring van verf aan dakke, geute en geutpype;

(f) die aanbring van chemiese kleefstowwe aan sinkdakke met 'n verfkwas;

(g) die bespuiting van dakke met Kenitex of dergelike stowwe; en

(h) alle werksaamhede ter voorbereiding vir die aanbring van Kenitex of dergelike stowwe.

**Pleister-, afvlakkings- en granolitiese werk.**—Die bereiding van voorlopige gidspleisterwerk; die beraping van materiaal op ruwe oppervlakke; afwerking met die hand na afvlakkings met 'n reihout; die aanbring van vergruisde klip aan kleefstof op mure; afskuur.

**Loodgieterswerk.**—Uitmerk- en afmerkwerk; die finale vassit van pype en toebehore wat gemonteer is.

**Staalwerk.**—Die uitlê van raamwerke wat nodig is vir die giet van 'n blad; die in posisie plaas van die bout wat in die blad geplaas word; toesighouding oor die buig, plasing en vassit in posisie van staal en staalkonstruksie.

**Klipwerk, klippesselwerk en monumentwerk.**—Die teken, ontwerp en afwerk van letters en versierings; die sny en gravering van letters met die hand en 'n lughamer; die finale afskuur en afwerking, volgens grootte, van klip of plaasvervangende materiaal met die hand, maar nie poleerwerk nie; die opstelling van masjiene; die lê van klip in 'n daghabed; uitmerkwerk.

**Boutimmerwerk.**—Uitmerk- en afmerkwerk; suile en balke in die lood bring en waterpas maak; die rigting van bekisting vir betonwerk; die montering van bekisting.

**Teëlwerk.**—Die lê van teëls of ander materiaal; hoeke in die lood bring.

**Houtmasjienswerk.**—Uitmerk- en afmerkwerk; die opstelling van en toesighouding oor houtwerkmasjiene.

**Ander ambagte.**—Die werk wat gewoonlik verrig word deur 'n persoon wat 'n vakleerlingskap gedien het, ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944;

“assistent versierder/beglaser” 'n werknemer in besit van 'n assistent versierder/beglaser registrasiesertifikaat wat deur die Raad aan hom uitgereik is en wat onder toesig, wat nie deurlopend hoef te wees nie, verfwerk, versierwerk en/of beglasing soos omskryf mag verrig, maar uitgesonderd kleurwerk, stippelwerk, letterskilderwerk. Met dien verstande dat die voorafgaande voorwaardes nie op enige manier die werk wat deur 'n verwer en versierder/beglaser ambagsman soos omskryf, verrig word, sal beperk nie. Voorts met dien verstande dat ondanks die bogemelde bepalinge daar 'n meester ambagsman-verwer en versierder/beglaser in diens sal wees by elke werkterrein waar daar een of meer assistent versierders/beglaseres verwerk, versierwerk en/of beglasing verrig.

“Bounywerheid”, sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking enigerwyse te beperk, die Nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om geboue en bouwerke op te rig, te voltooi, op te knap, te herstel, in stand te hou of te verbou en/of om artikels te maak vir gebruik by die oprigting, voltooiing of verbouing van geboue of bouwerke, afgesien daarvan of die werk verrig, die materiaal berei of die nodige artikels gemaak

**Drainlaying.**—Marking out, setting out, supervising and laying of pipes to walls.

**Floorlaying.**—Marking out; cutting and fixing of wooden strip flooring; setting of flooring blocks, tiles, sheeting and similar materials after completion of preparatory operations.

**Lead-light making.**—Setting out of templates or drawings on boards; cutting of glass; leading of glass; soldering and the insertion of fixing wires.

**Metal work.**—Marking and setting out, setting up and supervising machines; hand welding and/or brazing; drilling and/or tapping by hand; final filing and/or assembly; the fixing of builders' smithwork, metal frames and metal stairs, architectural metal work, and extruded metal.

**Painting and decorating/glazing.**—Tinting; stippling; paper-hanging; signwriting; applying paint, varnish, and/or other materials, including Kenitex, to all surfaces; cutting of glass or similar materials; face puttying; fixing glazing beads, but excluding—

(a) the application of lime wash and cement wash to all surfaces;

(b) the application of decorative butumastic to sewage pipes;

(c) the application of the first coat of paint on shop coated steel surfaces;

(d) the application of any liquid reviver to brickwork or slasto;

(e) the application of paint to roofs, gutters and down-pipes;

(f) applying chemical adhesive to corrugated iron roofs by means of a paint brush;

(g) spraying of roofs with Kenitex or similar materials; and

(h) all work preparatory to the application of Kenitex or similar materials.

**Plastering, screeding and granolithic.**—Preparing preliminary ruling screeds; rendering materials to rough surfaces; finishing off by hand after ruling off; applying crushed stone to adhesive on walls; skimming.

**Plumbing.**—Marking out, setting out; final fixing of assembled piping and fittings.

**Steelwork.**—Setting out any framework required for the casting of a slab; setting out of the bolt set into the slab; supervising bending, placing and fixing in position of steel and steel construction.

**Stonework, masonry and monumental work.**—Drawing, designing and setting out letters and enrichments; cutting and carving letters by hand and pneumatic hammer; final surfacing and finishing, excluding polishing, of stone or substitute material by hand to size; setting up machines; setting stone on mortar bed; marking out.

**Structural carpentry.**—Marking out; setting out; plumbing and levelling of columns and beams; lining up of shuttering for concreting; assembling shuttering.

**Tiling.**—Setting tiles or other materials; plumbing angles.

**Woodmachining.**—Marking out; setting out; setting up and supervising woodworking machines.

**Other trades.**—The work normally performed by a person who has served an apprenticeship in terms of the Apprenticeship Act, 1944;

“assistant decorator/glazier” means an employee who is in possession of an assistant decorator's/glazier's registration certificate issued to him by the Council and who may under supervision which need not be constant, perform painting, decorating and/or glazing as defined but excluding tinting, stippling, signwriting: Provided that the conditions as aforesaid shall not in any way limit or restrict the work to be performed by a painter and decorator/glazier artisan as defined: Provided further that notwithstanding the above provisions a master artisan painter and decorator/glazier shall be employed on every jobsite on which one or more assistant decorators/glaziers are performing painting, decorating and/or glazing.

“Building Industry” means, without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the Industry in which employers and employees are associated for the purpose of erecting, completing, renovating, repairing, maintaining or altering buildings and structures and/or the making of articles for use in the erection, completion or alteration of buildings and structures, whether the work is performed, the material is prepared, or the necessary articles are made on the site



word op die terrein van die gebou of bouwerk of elders, en omvat dit alle werk wat verrig word deur persone wat in genoemde Nywerheid betrokke is by ondergenoemde ambagte of ondervindings daarvan, maar nie klerke en administratiewe personeel nie en ook nie die bedrading vir, of installing in geboue van elektriese lig, verwarmings- of ander permanente, vaste toebehore of die herstel of onderhoud van hysers in geboue nie:

**Asfaltwerk**, wat die volgende insluit: Die bedekking van vloere, plat- en/of staandakke, die waterdigting of vogdigting van kelders of fondamente, hetsy met bereide rolle dakbedekking of asfaltplate met geglasuurde of nie-geglasuurde oppervlakke, of nie, en afgesien daarvan of teer, macadam, neuchatel, limmer of enige ander tipe soliede of halfsoliede asfalt, mastik of emulsie-asfalt of bitumen wat of warm of koud op sodanige dak, vloer, kelder of fondament aangebring word, gebruik word of nie;

**messelwerk**, wat die volgende insluit: Betonwerk en die aanbring van betonblokke, blaaie of -plate, die aanbring van teëls aan mure en vloere, voegwerk aan steenwerk, voegstryking, plaveiwerk, mosaïekwerk, voorwerk met leiklip, met marmer en met komposisiemateriaal, rioolaanlegwerk, leiklipwerk, pandekking en sementkalfaatwerk aan erdepypriole;

**lakpoelerwerk**, wat poelerwerk met 'n kwas of kussinkie en bespuiting met 'n komposisiefolinsluit;

**beglasing**, wat die volgende insluit: Die sny en/of aanbring van alle soorte glas of dergelike materiaal in sponnings in hout- of metaaldeure, -vensters, -rame of dergelike vaste toebehore, en alle werksaamhede wat daarmee in verband staan;

**skrynerwerk**, wat die volgende insluit: Die aanbring van alle houttoebehore en die vervaardiging van alle skrynerwerkartikels wat met sodanige toebehore in verband staan, afgesien daarvan of die persoon wat sodanige artikels vervaardig of berei het, die aanbringwerk in die gebou of bouwerk doen of nie, en wat ook rakkaste, kombuisaste of ander kombuis toebehore insluit wat as 'n permanente deel van die gebou aangebring word;

**ruit-in-loodwerk**, wat die volgende insluit: Die vervaardiging en/of aanbring van ruite in lood en/of ander metaal en van reklameborde (uitgesonderd die elektriese toebehore wat daarmee in verband staan) en die beglasing wat daarop betrekking het;

**klipmesselwerk**, wat die volgende insluit: Klipkap- en klipbouwerk (ook die kap van klippe vir en die bou van sier- en monumentklipwerk), betonwerk en die aanbring of bou van voorafgegiëte of kunsklip of kunsmarmer, plaveiwerk, mosaïekwerk, voegstryking, muur- en vloerteëlwerk, die bediening van 'n Mall en Biax- of dergelike tipe verplaasbare spinner, buigsame sny- en afwerk- en ander klipwerkmasjinerie, uitgesonderd klippoleermasjinerie en die skerpmak van klipwerkgereedskap, afgesien daarvan of die persoon wat sodanige artikel vervaardig of berei het, die aanbringwerk in die gebou of bouwerk doen of nie;

**metaalwerk**, wat die volgende insluit: Die aanbring van staalplafonne, metaalvensters, metaaldeure, sierrmetaalwerk, metaalrame en metaaltrappe, boumetaalwerk, die vervaardiging en/of aanbring van getrokke metaal en plaat- en uitgedrukte metaal, afgesien daarvan of die persoon wat sodanige artikel vervaardig of berei het, die aanbringwerk in die gebou of bouwerk doen of nie;

**verfwerk**, wat die volgende insluit: Versierwerk, muurplakwerk, beglasing, distemperwerk, afwit- en kleurkalkwerk, beitswerk, verniswerk, greinerie en marmering en bespuiting, spuitverfwerk, letterskilderwerk en muurversiering, die gebruik van teer en die produkte daarvan, asook skuurwerk en alle werk ter voorbereiding vir die werksaamhede soos voornoem, die afskuur van mure en houtwerk, die opvol van barste in mure en die aanbring van stopverf in houtwerk;

**pleisterwerk**, wat die volgende insluit: Boetseerwerk, modelleerwerk, die maak van vorms, die aanbring van voorwerk in vorms vir stortsele, die maak en aanbring van pleisterbordplafonne en vesel- of ander komposisiepleister, granolitiese, terasso- en komposisievloerwerk, komposisiemuurbedekking en die poelerwerk daaraan, die bediening van 'n Mall en Biax- of dergelike tipe verplaasbare spinner, buigsame sny- en afwerkmasjins, voorafgegiëte of kunsklipwerk, muur- en vloerteëlwerk, plavei- en mosaïekwerk, metaaltrappe, akoestiekspuitwerk en alle prosesse wat in verband staan met die voltooiing van plafonne en mure, afgesien daarvan of die persoon wat artikel vervaardig of berei het, die aanbringwerk in die gebou of bouwerk doen of nie;

**loodgieterswerk**, wat die volgende insluit: Sweissoldeerwerk en sweiswerk, loodlaswerk, gasaanlegwerk, sanitêre en huisingenieurswerk, rioolaanlegwerk, kalfaatwerk, ventileerwerk, verwarmingswerk, die aanlê van warm en koue water, brandweerinstallasie en die vervaardiging en aanbring van alle plaatmetaalwerk, afgesien daarvan of die persoon wat sodanige artikel vervaardig of berei het, die aanbringwerk in die gebou of bouwerk doen of nie;

of the building or structures or elsewhere, and shall include all work executed or carried out by persons therein who are engaged in the following trades or subdivisions thereof, but shall not include clerical employees and administrative staffs, or the wiring of or installation in buildings of lighting, heating, or other permanent electrical fixtures or the repair or maintenance of lifts in buildings:

**Asphalting**, which includes covering floors, flat and/or sloping roofs, water proofing or damp proofing of basements of foundations whether or not with prepared roll roofing or asphalt sheeting having glazed or unglazed surfaces, whether or not using tar, macadam, meuchatel, limmer or any other type of solid or semi-solid asphalt, mastic or emulsified asphalts or bitumens, applied either hot or cold to such roofs, floors or basements or foundations;

**bricklaying**, which includes concreting and the fixing of concrete blocks, slabs or plates, tiling of walls and floors, jointing of brickwork, pointing, paving, mosaic work, facing work in slate, in marble and in composition, drainlaying, slating, roof tiling and cement caulking of earthenware drains;

**french polishing**, which includes polishing with a brush or pad, and spraying with any composition;

**glazing**, which includes the cutting, and/or fixing of all kinds of glass or other like products into rebates formed in wood or metal doors, windows, frames or like fixtures and all operations incidental thereto;

**joinery**, which includes the fixing of all wooden fittings and the manufacture of all articles of joinery incidental to such fittings whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used, and shall include cupboards, kitchen dressers or other kitchen fixtures, which accrue to the building as a permanent portion thereof;

**lead-light making**, which includes the manufacture and/or fixing of lead and/or other metal lights and display signs (excluding electrical fittings incidental thereto), and the glazing relating thereto;

**masonry**, which includes stone cutting and building (also the cutting and building of ornamental and monumental stone work), concreting and the fixing or building of precast or artificial stone or marble, paving, mosaic work, pointing, wall and floor tiling, operating a Mall and Biax or similar type of portable spinner, flexible cutting, finishing and other stone working machinery other than stone polishing machinery and sharpening of masons' tools, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

**metal work**, which includes the fixing of steel ceilings, metal windows, metal doors, builders' smith work, metal frames and metal stairs and architectural metal work, the manufacture and/or fixing of drawn metal and sheet and extruded metal, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

**painting**, which includes decorating, paper-hanging, glazing, distemping, lime and colour washing, staining, varnishing, graining and marbling and spraying, spray painting, signwriting and wall decorating, the use of tar and its products and shall include sandpapering and all work preparatory to the operations aforementioned, sandpapering of walls and woodwork, filling cracks in walls and puttying of woodwork;

**plastering**, which includes modelling, model making, mould making, facing of casts to moulds, making and fixing plaster board ceilings and fibrous plaster or other compositions, granolithic, terrazzo, and composition floorlaying, composition wall covering and polishing, operating a Mall and Biax or similar type of portable spinner, flexible cutting and finishing machine, precast or artificial stone work, wall and floor tiling, paving and mosaic work, metal lathing, acoustic spraying and all processes incidental to the completion of ceilings and walls, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

**plumbing**, which includes brazing and welding, lead burning, gas fitting, sanitary and domestic engineering, drainlaying, caulking, ventilating, heating, hot and cold water fitting, fire installation and the manufacture and fitting of all sheet metal work, whether or not the fixing in the building or structure is done by the person making or preparing the article used;

*winkel-, kantoor- en bankuitrustingswerk*, wat die volgende insluit: Die vervaardiging en/of aanbring van winkelfronte, vensterafskortings, uitstalkaste, toonbankskerms en binnens-huise los en vaste toebehoere;

*staalwapening en/of staalkonstruksie*, wat die volgende insluit: Die aanbring van alle soorte staal- of ander metaal-pilare, lêers, staalbanke, plaatmetaal of metaal in enige vorm wat deel uitmaak van 'n gebou of bouwerk;

*houtwerk*, wat die volgende insluit: Timmerwerk, fineer-paneelwerk en die polering en skuur daarvan, houtwerk, masjienwerk, draaiwerk, houtsnywerk, die aanbring van gegolfde sinkplate, klank- en akoestiek materiaal, kurk- en asbesisolasie, houtdraaiwerk, komposisieplafonne en -muurbe-dekking, die boor van gate en die aanbring van proppe in mure, die bedekking van houtwerk met metaal, blokkies- en ander vloerwerk, met inbegrip van hout, linoleum, rubber-komposisie, asfaltiese vloerbedekking of kurk, met inbegrip van die afskuur daarvan, die bediening van 'n Mall en Biax- of dergelike tipe verplaasbare spinner, buigsame sny-, afwerk-en poleermasjien, bekisting en/of die bereiding van vorms vir beton, afgesien daarvan of die persoon wat sodanige artikel vervaardig of berei het, die aanbringwerk in die gebou of bouwerk doen of nie: Met dien verstande egter dat as linoleum gelê word deur die verskaffer daarvan, wie se ver-naamste besigheid in die kommersiële distribusiebedryf is, dit uitgesluit word van hierdie omskrywing wanneer sodanige lêwerk iets bykomstigs is by die verkoop van sodanige lino-leum en geen deel van die regstreekse koste van die klant uitmaak nie;

*"verkleekamer"* 'n geskikte afdak, kamer of soortgelyke bevredigende akkommodasie met 'n minimum skoonvloer-ruimte van 6,7 vierkante meter, wat bestaan uit vier mure en 'n dak en gemaak is van beton, bakstene, hout, yster of 'n kombinasie daarvan, wat skoon gehou word en wat veil-ig toegesluit kan word om 'n geskikte plek vir die veilige bewaring van werknemers se klere te verskaf; en so 'n ver-keekamer mag vir geen ander doel gebruik word nie as om daarin te verkleed en om die werknemers se klere veilig daarin te bewaar;

*"onderbaas"* 'n ambagsman wat aan die voorman verant-woordelik is vir die uitoefening van magte en die uitvoering van funksies en pligte wat deur sodanige voorman aan hom opgedra is;

*"bydraekaart"* die amptelike kaart wat die Raad elke jaar aan elke werknemer in die Nywerheid uitreik, en by die toepassing van hierdie Ooreenkoms het "Vakansiefondskaart" dieselfde betekenis;

*"Raad"* die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid (Trans-vaal), wat geag word geregistreer te wees ingevolge artikel 19 van die Wet;

*"noodsaaklike dienste"* alle werk wat noodwendig verrig moet word ten einde die voortsetting van enige ander nywer-heid, saak of onderneming te verseker, of enige dringende aangeleentheid wat nie gedurende die gewone werkure soos in klousule 10 (1) voorgeskryf word, verrig kan word nie;

*"noodwerk"* enige werk wat dringend verrig moet word ten einde die gesondheid en veiligheid van die publiek te ver-seker of ander werk wat dringend noodsaaklik is en wat nie voorsien of vermy kon word nie;

*"werknemer"*, behoudens die bepalinge van die Wet, ook 'n werkende direkteur of 'n werkende vennoot;

*"werkgever"*, behoudens die bepalinge van die Wet, ook 'n direkteur of 'n regs persoon;

*"voorman"* 'n werknemer wat—

(a) in 'n toesighoudende hoedanigheid werksaam is, maar wat ook die werk van 'n ambagsman kan doen; en

(b) werk aan ander werknemers onder sy beheer en toe-sig uitdele; en

(c) dissipline handhaaf; en

(d) regstreeks aan 'n algemene voorman of die werk-gever of die werkgever se gemagtigde verteenwoordiger verantwoordelik is vir doeltreffendheid en produksie op die terrein;

*"algemene voorman"* 'n werknemer wat werk uitdele aan die klasse werknemers wat deur hierdie Ooreenkoms gedek word en wat dié werk regstreeks koördineer en daarvoor toe-sig hou, en wie se pligte onder ander al of enige van die volgende insluit:

(a) Toesighouding;

(b) hantering van 'n kontrak of kontrakte;

(c) handhawing van dissipline;

(d) verantwoordelikheid aan die werkgever vir doeltref-fendheid en produksie op die terrein(e);

(e) verrigting van die werk van 'n ambagsman, hetsy in 'n hoedanigheid van instrukteur of andersins;

*"Nywerheid"* die Bou- en/of Monumentklipmesselnywer-heid;

*shop, office and bank fittings*, which includes the manufac-ture and/or fixing of shop fronts, window enclosures, show cases, counter screens and interior fittings and fixtures;

*steel reinforcing and/or steel construction*, which includes the fixing of all classes of steel or other metal columns, girders, steel joists, sheeting or metal in any form which form part of a building or structure;

*woodworking*, which includes carpentry, veneer panelling, and polishing and sandpapering of same, woodworking, machining, turning, carving, fixing of corrugated iron, sound and acoustic material, cork and asbestos insulation, wood-lathing, composition ceiling and wall covering, drilling and plugging of walls, covering of woodwork with metal, block and other flooring, including wood, linoleum, rubber compo-sition, asphalt based floor coverings or cork, including the sandpapering of same, operating a Mall and Biax or similar type of portable spinner, flexible cutting, finishing and polish-ing machine, shuttering and/or preparation of forms or moulds for concrete, whether or not the fixing in the build-ing or structure is done by the person making or preparing the article used: Provided, however, that the laying of lino-leum by a supplier whose main business is in the commer-cial distributive trade shall be excluded from this definition when such laying is incidental to the sale of such linoleum and forms no portion of the direct cost to the customer;

*"change room"* means any suitable shed, room or similar satisfactory accommodation with a minimum clear floor space of 6,7 square metres, constructed of four walls and a roof, composed of concrete, brickwork, wood, iron or any com-bination thereof, kept clean and which can be securely locked to provide a suitable place for the safe keeping of employees' clothing; and such change room shall not be used for any other purpose than for the changing of clothing and the safe keeping of employees' clothing;

*"charge hand"* means an artisan responsible to a foreman for the exercising of powers and the performance of func-tion and duties delegated to him by such foreman;

*"contribution card"* means the official card issued by the Council to each employee in the Industry in each year and "Holiday Fund Card" shall have the same meaning for the purpose of this Agreement;

*"Council"* means the Industrial Council for the Building Industry (Transvaal), deemed to have been registered in terms of section 19 of the Act;

*"essential services"* means any work which must necessarily be performed in order to ensure the carrying on of any other industry, business or undertaking, or any matter of urgency which cannot be done during the ordinary hours of work prescribed in clause 10 (1) of the Former Agreement;

*"emergency work"* means any work which must urgently be performed to ensure the health and safety of the public or other work of pressing necessity which could not have been foreseen or prevented;

*"employee"* means, subject to the provisions of the Act, also a working director or a working partner;

*"employer"* means, subject to the provisions of the Act, also a director of a corporate body;

*"foreman"* means an employee who—

(a) is employed in a supervisory capacity, but who may also be doing the work of an artisan; and

(b) gives out work to other employees under his control and supervision; and

(c) maintains discipline; and

(d) is directly responsible to a general foreman or the employer or the employer's authorised representative for efficiency and production on site;

*"general foreman"* means an employee who gives out work to and directly co-ordinates and supervises those categories of employees covered by this Agreement and whose duties *inter alia* may encompass all or any of the following:

(a) Supervision;

(b) taking charge of a contract or contracts;

(c) maintenance of discipline;

(d) responsibility to the employer for efficiency and pro-duction on site(s);

(e) performing the work of an artisan, whether in an instruc-tional capacity or otherwise;

*"Industry"* means the Building and/or Monumental Masonry Industries;



"slegs-arbeid-kontrak" 'n kontrak, ooreenkoms, reëling of verstandhouding waarvolgens 'n persoon onderneem om werk te doen en om betaal te word slegs vir die verskaffing van sy eie arbeid en/of dié van sy werknemers, as daar is, op ander voorwaardes as dié in klousule 4 van die Vorige Ooreenkoms (soos gewysig by klousule 6 hieronder) neergelê, en waarvolgens hy nie aan die vervaardigers of handelaars wat in die gewone loop van sake materiaal aan die Bounywerheid lewer verantwoordelik is vir betaling ten opsigte van al die materiaal wat vir die uitvoering van die werk gebruik sal word nie;

"slegs-arbeid-kontrakteur" iemand wat slegs-arbeid-kontrakwerk onderneem;

"leierambagsman" 'n ambagsman wat onder regstreekse beheer van 'n voorman of onderbaas toesig hou oor 'n ambagsman wat soortgelyke werk doen;

"leerlingambagsman" 'n werknemer wat by sy werkgever in diens is ooreenkomstig 'n skriftelike dienskontrak wat behoorlik deur die Raad goedgekeur en by die Raad geregistreer is, en wat in die geval van messel-, timmer- en pleisterwerk minstens 19 jaar oud moet wees en in die geval van alle ander ambagte minstens 21 jaar;

"leerling assistent versierder/beglaser" 'n werknemer wat as sodanig by die Raad geregistreer is en wat onder toesig, wat nie deurlopend hoef te wees nie, vir 'n tydperk wat nie een jaar oorskry nie, verfwerk, versierwerk en beglasing soos omskryf mag verrig, maar uitgesonderd kleurwerk, stipplewerk en letterskilderwerk: Met dien verstande dat desondanks bostaande bepalinge daar 'n meester ambagsman verwer en versierder/beglaser op elke werkerrein waar daar een of meer leerling assistent versierder/beglaser verfwerk, versierwerk en/of beglasing verrig, in diens sal wees;

"toesluitplek" 'n skuur, kamer, werkwinkel, fabriek of soortgelyke plek wat uit vier mure en 'n dak bestaan, gemaak is van beton, baksteen, hout, yster of 'n kombinasie daarvan, wat veilig toegesluit kan word, waarvan alle vensters, boligte en ander openinge behoorlik van diefstaling voorsien is en wat geheel en al so gebou is dat die gereedskap en klere van werknemers te eniger tyd veilig daarin bewaar kan word;

"meesterambagsman" 'n ambagsman wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms as 'n meesterambagsman geregistreer is of wat daarna as 'n meesterambagsman geregistreer word;

"Monumentklipmesselnywerheid" die Nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is om grafstene of ander monumente te maak en/of oor grafte op te rig en/of om grafte op te bou;

